Die beste lê nog voor…

Voor jou lê ‘n nuwe jaar onbesoedeld uitgestrek. Wat is jou verwagting van hierdie jaar?

Ons leef in ‘n wêreld waar slegte nuus en ‘n negatiewe siening oor die toekoms die toon aangee. Die daaglikse nuus en die opskrifte op lamppale verkondig ‘n somber toekoms. Wanneer die blye verwagting - die hoop op die toekoms - verloor is, word alle menslike pogings gereduseer tot oorlewingshandelinge.

Binne Israel se neerdrukkende omstandighede, hulle balingskap, kom gee die Here vir hulle die heerlike boodskap van “verwagting”. Jeremia 29:11 is ‘n spesiale vers: *“Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle ‘n toekoms gee, ‘n verwagting!”*.

“Shalom” is die woord hier vir *“voorspoed”*. “*Shalom*” beteken: “vrede, gunstige omstandighede, seëninge en om volledig gelukkig te wees. Die “*teenspoed*” hier beteken dat dinge skeef loop, rampspoedig is, dat daar lyding is.

Hierdie toekoms is nie maar net ‘n tydelike uitkoms nie, hierdie toekoms is ‘n seën wat standhoudend is. Die Here gee aan hulle ‘n “verwagting”. Hierdie verwagting is iets om na uit te sien - ‘n ware hoop! Die Here het hulle inderdaad ook weer na Jerusalem teruggebring en verlos uit ballingskap.

Hierdie belofte hou in 2012 ook nog vir jou en my krag. Ons moet ook met ‘n verwagting leef; met ‘n vooruitsig dat die beste nog voorlê.

Hoewel die Zwarrie-onnies daarna gaan streef om vir jou die beste moontlike diens te lewer, kan ons nie vir jou ‘n hoopvolle toekoms waarborg nie. Saam met jou is ons opgewonde daaroor dat hierdie belofte ‘n Hemelse belofte is. Sien saam met ons uit na 2012! En weet net, die beste lê nog voor …

MATRIEKUITSLAE 2011

Soli Deo Gloria! Ons is so dankbaar dat ons kan pronk met ‘n 100% slaagsyfer. Johan Yssel met sy 10A’s opgevolg met Jo-Marie Kock se 9A’s, maak ons opreg trots. Ariel Basson, Liezl Kemp en Christelle McLaren het elk 8 A’s en dit word opgevolg deur 9 leerders wat 7A’s het.

Ons sê aan elke onderwyser wat gehelp vorm het aan hierdie matriekgroep, baie dankie. En aan die matriekgroep ‘n aplous vir hul toeweiding.

INTERHUIS-ATLETIEKBYEENKOMS: VRYDAG 27 JANUARIE 2012

Die jaarlikse Interhuisatletiekbyeenkoms vind plaas op Vrydag, 27 Januarie 2012. Ons nooi u uit om hierdie byeenkoms by te woon en u seun / dogter te ondersteun. Leerders bring nie tasse saam skool toe nie. Die volgende reëlings word onder u aandag gebring:

1.1 **Skooldag**. **Die skooldag begin soos normaal om 07:30 met 'n skoolopening waarna al die leerders voogklasse toe gaan. Om 08:00 beweeg alle leerlinge na die atletiekbaan waar die byeenkoms om 08:30 begin.**

1.2 **Byeenkoms:** Die byeenkoms begin om **08:30** en duur tot **17:00**. Daar word van alle leerlinge verwag om die byeenkoms by te woon as deelnemer of as ondersteuner. Die interhuis is 'n wegspring vir nog 'n fees op die atletiekbaan vir Zwarries 2012. Laat ander skole ons beny - Zwarriegees kook!! Die sangkompetisie vind vanaf **09:00 tot 12:00 en 14:00 tot 17:00** plaas. Die **dirigente** moet vanaf 08:50 gereed wees om op te kom.

1.3 **Drag:**

a. **Deelnemers:** Die skool se atletiekdrag of die Zwarrie-geeshemp en 'n kort blou of swart broek. Of 'n T-hemp van die span se kleur.

b. **Ondersteuners:** Geleentheidsdrag word aangetrek met 'n lint van die kleur van sy/haar graadsportspan. Die leerders kan ook die T-hemp wat deur die skool bestel is in hulle span se kleure aantrek.

Ons sien saam met die leerlinge uit na 'n aangename sportdag en vertrou dat dit vir u as ouer moontlik sal wees om ten minste 'n gedeelte van die byeenkoms by te woon.

SANGPERIODE: INTERHOëRTOESKOUERS

Om die toeskouers na die Interhoër voldoende oefentyd te gee, word die volgende reëlings getref:

- Die interhoërtoeskouers sal vanaf die week na die Interhuisbyeenkoms vir vyf weke op Maandae en Woensdae vanaf 13:00 oefen.

- Die skool sal dus vir die res van die leerders tot op 29 Februarie om 13:00 op Maandae en Woensdae sluit.
- Die atletiekoefeninge sal op die dae ook dan reeds om 13:15 begin.
- Die busse sal steeds op die normale tyd (14:00) vertrek.

BELANGRIKE ATLETIEKDATUMS

	Dag	Datum	Byeenkoms	Waar	Tyd
1.	Maandag	23 Jan	Gr 8-byeenkoms	Tuis	14:00 – 18:15
2.	Vrydag	27 Jan	Interhuisatletiek byeenkoms	Tuis	08:30 – 17:00
3.	Dinsdag	2 Feb	Aflosbyeenkoms	Tukkies	16:00 - 21:00
4.	Vrydag	3 Feb	Benoni High	Benoni High School	14:00 – 22:00
5	Woensdag	8 Feb	Top 10	Univ JHB – Stadion	15:00 – 22:00
5.	Vrydag	10 Feb	Overkruin	H/S Overkruin	14:00 – 22:30
6.	Woensdag	15 Feb	Top 10	Tukkies	12:00 – 22:00
7.	Saterdag	18 Feb	H/S Driehoek	Sasolburg Stadion	08:00 – 16:30
8.	Vrydag	24 Feb	Helpmekaar Kollege	Univ JHB Stadion	14:00 – 22:30
9.	Saterdag	25 Feb	Distrik D4 Kamp	Pilditch	08:00 – 17:00
10.	Vrydag	2 Maart	Jakaranda Interhoër	Pilditch	08:00 – 18:00
11.	Dinsdag	6 Maart	PUK Super 16	Herman Immelman - Germiston	08:00 – 18:00
12.	Saterdag	10 Maart	AGN Kamp	Tukkies	08:00 – 18:00
13	Vrydag/Saterdag	Maart	USSASA SA's	Rustenburg	08:00 – 18:00
14	Vrydag/Saterdag	30/31 Maart	SA Jeug + junior Kamp	Germiston	08:00 – 18:00

JAARLIKSE AKADEMIESE MERIETE-AAND

Die jaarlikse meriete-aand vir ons huidige gr. 9 – 12 leerders vir akademiese prestasies in 2011 vind op 20 Februarie 2012 in die skoolsaal plaas.

By dié geleentheid word erkenning gegee aan ons leerders wat uitmuntend op akademiese gebied presteer het.

Daar sal egter ook 'n aantal buite sporttoekennings gemaak word a.g.v. uitslae wat nog nie

gedurende November 2011 met die meriete-aande beskikbaar was nie. Hierdie uitslae moet voor of op 3 Februarie 2012 deur die leerders by mev. Dorothea Whittle ingehandig word.

MAKROKAARTE

Hoërskool Zwartkop het 'n ooreenkoms met Makro dat die skool 'n seker persentasie geld kry vir die goedere wat ons ouers en skool by hulle aankoop. In die afgelope vyf jaar het ons al 'n baie mooi som geld van hulle ontvang wat ons baie goed aanwend. Ons doen 'n beroep op al ons ouers om so spoedig moontlik die volgende inligting vir Mev. Badenhorst te e-pos sodat u deel van hierdie projek kan wees. Indien u alreeds 'n kaart het, word hy nie vervang nie. Die skool se naam word net aan u kaart gekoppel. Ons doen 'n spesiale beroep op nuwe ouers om asb. hul inligting deur te stuur sodat ander instansies nie deur u aankope bevoordeel kan word nie.

E-pos adres: badenhorst@zwarries.co.za

Naam:

Van:

Id nr:

Adres:

Sel nr:

Baie dankie aan ons ouers wat getrou hierdie projek ondersteun!

HOëRSKOOL ZWARTKOP KOMMUNIKEERDER

Besoek ons kommunikeerderprogram vir ander belangrike inligting en leerderprestasies. Lees meer van die program hieronder.

Hoërskool Zwartkop is deel van die rekenaarprogram "School Communicator " waarop 'n groot aantal skole inligting aan die ouergemeenskap verskaf.

Wat doen die program?

Elke dag wanneer u u rekenaar aanskakel, sal inligting van Hoërskool Zwartkop op u skerm verskyn.

U sal die volgende inligting ontvang:

Nuus oor onlangse gebeure in Zwarrieland.

Die Jaarprogram.

Die volgende belangrike gebeure by die skool.

Bronne soos eksamenroosters, sportverslae, kultuurverslae, ens.

Foto's van onlangse gebeure by die skool.

Kontakinligting van die skool.

Let daarop dat die program absoluut veilig is en geen effek op die werking van u rekenaar het nie.

Volg die onderstaande stappe om die program te installeer op enige rekenaar wat internettoegang het:

1 Gaan na : www.school-communicator.com

2 Kies: "downloads"

3 Druk op die pyltjie by “Please select” en kies :"Hoërskool Zwartkop"

4 Kies tussen Mac of Windows afhangende van u bedryfstelsel.

5 Kies “Run” twee keer.

6 Kies “Next”

7 Kies “I accept the agreement”

8 Druk “Next” drie keer.

9 Druk “Install”

10 Druk “Finish”

In die program sal u vir sekere inligting gevra word, bv. naam van leerder, ens.

Dankie dat u hierdie program op u rekenaar gaan aktiveer om sodoende op hoogte te bly van gebeure in Zwarrieland!

Hiermee wens ons elke Zwarrie-huishouding net die mooiste toe vir 2012. Ons dra u in ons bede en sien uit na ‘n jaar waarin net die beste voorlê.

Zwarriegroete

Dr Dewald Strydom

SKOOLHOOF